Psigiatriese hospitaal skerp maatreëls op

Volksblad 29/05/2012 p. 2

Jana van der Merwe

SEKERHEIDSMAATREËLS is verskerp en spesiale berading word gegee in die tienereenheid van 'n psigiatriese hospitaal in Bloemfontein waar 'n tienermeisie met depressie na bewering by okkultiese bedrywighede betrokke geraak het.

Die bestuur van die M-Care Optima-hospitaal het gister in 'n verklaring gereageer op bewerings van 'n onlangse okkultiese voorval waar 'n 15-jarige Bloemfonteinse hoërskoolleerling glo saam met vier mede-pasiënte in die hospitaal glasie-glasie gespeel het.

Luidens die verklaring is daar besluit om sekerheidsmaatreëls in die tienereenheid te verskerp. Dit sluit bykomende personeel en die uitbreiding van die reeds bestaande kringtelevisie in.

"Bewerings van okkultisme wat deur pasiënte bedryf word, word in 'n baie ernstige lig beskou. Dit is teenstrydig met die hospitaal se etiese verwysingsraamwerk."

"Ons moet nie deur te fokus op die okkulte as hanteringmeganisme die fokus afhaal van die kind se eina nie

— JOHAN DE BEER

Auksano, 'n professionele Christelike organisasie wat in die holistiese hantering van slagoffers van destruktiewe okkultiese aktiwiteite spesialiseer, bied ook nou berading aan die 15-jarige meisie wat glo betrokke was, asook in die tienereenheid.

Die hospitaal sê in sy verklaring tieners word deesdae gekonfronteer met ernstige spirituele vrae en moreel-emosionele kwessies.

Depressiewe kinders gee dikwels op verskillende wyses uiting aan hul donker gevoelens.

Johan de Beer, hoof van Auksano, het gister gesê mense moet besef okkultiese aktiwiteite word in baie gevalle as hanteringsmeganismes gebruik.

"Ons moet nie deur te fokus op die okkulte as hanteringmeganisme die fokus afhaal van die kind se eina nie.

"Ons sit met 'n samelewing met baie emosioneel stukkende kinders wat dan eksperimenteer met verskillende destruktiewe aktiwiteite, van dwelms tot die okkulte tot *hard core* satanisme. Dit gaan baie keer oor die avontuur om te ontsnap."

Hy sê daar moet holisties na enige tiener se behandeling gekyk word.

Dit sluit die fisieke, emosionele en geestelike vlakke in.

Vroue wat nagskof werk, kry dalk makliker borskanker

Volksblad 29/5/2012 p. 5

Antoinette Pienaar

PRETORIA. – Vroue wat meer as twee keer per week nagskof werk, het dalk 'n groter kans om borskanker te kry.

Luidens 'n artikel in die mediese joernaal *Occupational and Environmental Medicine* is die kwessie tevore ondersoek in studies op verpleegsters.

Verpleegsters word egter in die werkplek blootgestel aan kankerwekkende faktore soos bestraling, stres en chemiese middels.

Die navorsers het dié keer gekyk na die mediese data van meer as 18 500 Deense vroue wat tussen 1964 en 1999 in die Deense weermag gewerk het.

Altesame 141 vroue wat kanker oorleef het, het die studie voltooi en 551 wat nooit kanker gehad het nie.

Die groepe het vrae beantwoord oor hul leefstyl, of hulle kinders gehad het, hormoonvervangingsterapie gebruik het, graag in die son gelê het en of hulle nagskofte gewerk het.

Volgens die navorsers is gereelde nagskofwerk verbind met 'n 40% groter kans om borskanker te kry. Hoe meer skofte die vroue gewerk het, hoe groter was hul kans om kanker te kry.

Diegene wat oor 'n tydperk van minstens ses jaar minstens drie keer per week nagskof gewerk het, het 'n twee keer groter kans gehad om borskanker te kry.

Vroue wat minder as twee skofte gewerk het, het nie 'n groter kans gehad nie, vermoedelik omdat dit te min was om hul biologiese horlosie te versteur.

Die vermoede is dat dié soort slaap-ontwrigting die produksie van die kankerwerende hormoon melatonien inhibeer.

Een van die vorige teorieë was dat nagskofwerkers nie genoeg blootstelling aan die son kry nie en 'n vitamien D-tekort ontwikkel, maar die navorsers het met dié studie bevind hulle is juis meer geneig om in die son te baai omdat hulle nie bedags werk nie.

Mans wat borskanker kry, lewe nie so lank soos vroue

CHICAGO. – Mans kry selde borskanker, maar dié wat dit wel kry, oorleef dikwels nie so lank soos vroue nie.

Een van die hoofredes is omdat hulle langer neem om waarskuwingstekens raak te sien, sê navorsers.

In die grootste studie nóg oor die siekte by mans is bevind vroue leef gemiddeld twee jaar langer.

Mans se borsgewasse was groter teen die tyd dat dit gediagnoseer is, verder gevorderd en meer geneig om na ander dele van die liggaam te versprei.

Mans is gewoonlik ook ouer wanneer die siekte by hulle gediagnoseer word, gemiddeld 63 jaar oud teenoor 59 vir vroue.

Baie mans besef nie eens dat hulle borskanker kan kry nie.

Die eerste teken van borskanker by mans is gewoonlik 'n knop onder of naby die tepel. 'n Afskeiding by die tepels of misvorming is ook moontlike tekens wat ondersoek moet word.

– Sapa-AP